**In die Skriflig / In Luce Verbi**
ISSN: (Online) 2305-0853, (Print) 1018-6441



# Is Johannes 1:1 'n 'raaisel'? Grammatikale getuienis

**Author:**
Jan van der Watt[1]

**Affiliation:**
[1]Faculty of Theology, North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa

**Correspondence author:**
Jan van der Watt,
j.vanderwatt@ftr.ru.nl

**Dates:**
Received: 14 Jan. 2015
Accepted: 23 Mar. 2015
Published: 08 Apr. 2016

**How to cite this article:**
Van der Watt, J., 2016, 'Is Johannes 1:1 'n "raaisel"? Grammatikale getuienis', *In die Skriflig* 50(2), a1924. http://dx.doi.org/10.4102/ids.v50i2.1924

**Copyright:**
© 2016. The Authors. Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

**Read online:**
Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

**Is Johannes 1:1 a 'riddle'? Grammatical evidence.** John 1:1 is one of the most famous opening lines in the Bible. No wonder that it received its proportionate attention in scholarship which is characterised by the differences of opinion regarding several issues addressed in these verses. It is suggested that these difficulties in interpreting this verse might be an implication that it is a riddle or at least has riddle-like qualities. The question to be dealt with further is whether the grammar, which is also subject of intense discussion, supports the idea that this verse might be a riddle.

## Inleiding

Johannes 1:1 is een van die bekendste sowel as een van die mees besproke verse in die Nuwe Testament. Hierdie stand van sake is vanweë die sleutelposisie van hierdie vers in die Evangelie, asook die openheid wat hierdie vers ten opsigte van verskillende en uiteenlopende interpretasies bied.[1] Petersen (2008:8–11) merk op Johannes 1:1 '*represents the fundamental semantic problem in his (John's) use of language*'. Volgens hom word alledaagse woorde (soos *woord*, *begin*, *God*) wel gebruik, maar die betekenis van die woorde verwys na ander realiteite as wat die woorde normaalweg suggereer. Hierdie tendens stel die leser natuurlik voor spesiale uitdagings wanneer dit by die verstaan van die vers kom. Afgesien van hierdie semantiese probleme is daar ook 'n veelvoud teologiese probleme, byvoorbeeld: Hoe kan die Logos by God wees, maar terselfdertyd ook self God wees; Is dit ''n god' of 'die God'? Wie is die Logos, en wat is die implikasie van die pre-eksistensie van die Logos? Vorm Genesis 1:1 die teologiese agtergrond tot Johannes 1:1, of nie? Is Jesus die Logos, of is Jesus slegs 'n uitdrukking van die Logos? Hierdie talle kwessies en vrae illustreer wel 'n belangrike punt, naamlik dat binne die interpretasietradisie van hierdie vers daar proporsioneel 'n oormaat kwessies is wat verduideliking noodsaak.

Tog is die vraag na die raaiselagtigheid nie 'n nuwe of vreemde vraag ten opsigte van die Johannesevangelie nie. Thatcher (2000:263–280, vgl. ook 2001:269, 2006, 2011) dui aan dat '*a large number of verses (in John) … may be categorized as "riddles"*' (vgl. Leroy 1968:6–7). Ook Anderson (2011) skryf 'n boek getiteld, *Riddles of John*, maar hy gee nie daarin aan raaisels as retoriese tegniek binne die Evangelie aandag nie – hy benader dit wat hy 'die raaisels van die vierde Evangelie' noem vanuit die perspektief van '*the perplexing literary, historical, and theological issues one runs into when taking the Gospel of John seriously*'. Wat 'n mens in Johannes 1:1 terugvind, mag ook 'n refleksie wees van wat Anderson in gedagte gehad het.

Met al bogenoemde in gedagte sal 'n realistiese vraag wees of hierdie inleidende stelling inderdaad bedoel is om duidelik in sy betekenis te wees? Was die bedoeling nie dalk juis dat die stelling die eienskappe van 'n raaisel moes ten toon stel nie? Hierdeur word die leser met dubbelsinnighede gekonfronteer wat verdere verduideliking aanmoedig (selfs vereis), maar wat nie direk in die teks op sigself te vind is nie – die betekenis moet eerder inter alia gesoek word deur die res van die Evangelie te bestudeer.

Voordat verder gegaan word, moet kortliks eers aandag geskenk word aan die vraag wat presies met die konsep *raaisel* bedoel word. Raaisels was 'n bekende verskynsel in die antieke tyd, en so ook in bybelse sosio-kulturele kontekste.[2] Soos in die geval met baie ander literêre verskynsels, wissel die definisie van die woord *raaisel* aansienlik,[3] hoewel daar tog sekere basiese eienskappe is wat feitlik deurgaans erken en aanvaar word.

1.Afgesien van die omvattende besprekings wat in byna elke kommentaar te vind is, vergelyk ook Miller (1989).

2.Raaisels is in sowel die Ou as die Nuwe Testament te vind. Vergelyk Crenshaw (1992:721–723), Elwell en Beitzel (1988:1860), Goodman (2000:1128) en Thatcher (2001:271).

3.Dit is belangrik om van Thatcher (2000:179; vgl. ook 181–183 vir kriteria vir die identifisering van 'n raaisel) se beskrywing en verduideliking van 'n raaisel kennis te neem, naamlik as '*a concise, interrogative unit of language that intentionally and at once conceals and reveals its referent with a single set of signs*'.

**Note:** Hierdie artikel word met dank opgedra aan Fika Janse van Rensburg vir die groot impak wat hy op die Nuwe-Testamentiese gemeenskap in Suid-Afrika gemaak het, sowel op administratiewe as op navorsingsvlak. Sy kollegialiteit en vriendskap word hoog op prys gestel.

ʼn Basiese eienskap van ʼn raaisel is dat dit inligtingselemente bevat wat vir sommige mense verborge is, terwyl diegene wat die sleutel tot die raaisel het, die inhoud daarvan verstaan. Die betekenis is dus nie onmiddellik duidelik nie – dit is verborge in die verskeie betekenisse wat ʼn woord mag hê (vgl. Bratcher 1985:871), of in die verrassende gebruik van grammatika (Manser 2009:ad loc.). Die leser moet bewus wees van die semantiese sowel as die referensiële skuiwe wat in die kommunikasie plaasvind, om in staat te wees om tot ʼn behoorlike verstaan te kan kom. Dit impliseer dat óf ʼn toename in kennis, óf ʼn verduideliking van die raaisel vir die uiteindelike verstaan van die raaisel noodsaaklik is (sien Spr 1:5–6; vgl. ook 1 Kon 10:1–5; 2 Kron 9:1–4; Sir 39:3). Die basiese vraag wat daarom in die res van hierdie artikel oorweeg sal word, is of die grammatika van Johannes 1:1 sulke spesialiskennis vereis om verstaan te kan word. Sou ʼn Hellenis met ander woorde, worstel om die grammatika te verstaan, of ekstra kennis benodig om sin uit die grammatika te maak?

Die doel van hierdie artikel is om te poog om die gemelde vraag – of die spesifieke grammatika van hierdie vers die gedagte ondersteun dat Johannes 1:1 raaiselagtige karaktertrekke het, al dan nie[4] – te beantwoord. Deur hierdie spesifieke vraag te stel, word nie ontken dat daar verskeie ander faktore is wat ook in die beantwoording van hierdie vraag ʼn (selfs deurslaggewende) rol speel nie. Hierdie ander faktore gaan egter nie in hierdie artikel oorweeg word nie. Die artikel bied dus slegs ʼn antwoord op ʼn gedeeltelike faset van die totale vraag na die raaiselagtigheid van Johannes 1:1.[5]

## Grammatikale probleme in Johannes 1:1

Daar is drie grammatikale konstruksies in Johannes 1:1 wat die karaktertrekke van ʼn raaisel mag suggereer. Die eerste hiervan is die inleidende woorde Ἐν ἀρχῇ (v. 1a), wat onbepaald is, hoewel dit blyk om bepaald te wees. Die tweede konstruksie is die gebruik van πρὸς in πρὸς τὸν θεόν (v. 1b) en die derde is die gebruik van die predikaat as voorsetsel in die frase καὶ θεὸς ἦν ὁ λόγος (v. 1c).

### Ἐν ἀρχῇ: Bepaald of onbepaald?

Die grammatikale probleem wat hier hanteer word, is die betekenis van die afwesigheid van die lidwoord in hierdie frase – indien dit wel betekenis het. Is die implikasie dan dat die verwysing na ʻʼ*n* beginʼ is, of moet dit steeds as ʻ*die* beginʼ[6] vertaal word, alhoewel die voorsetsel nie aanwesig is nie? Is daar enigsins verrassende grammatikale aspekte in die konstruksie wat vir ʼn Hellenis vreemd op die oor sou val?

In die navorsing word die probleem uit verskillende hoeke benader, meestal om die normaliteit van die grammatikale konstruksie hier te motiveer. Die een benadering is dat die grammatika nie hier die hoofrol speel nie, maar wel die *konteks*. Porter (1999:105) argumenteer dat ʻindividueleʼ[7] items in elk geval gespesifiseer kan word sonder om ʼn lidwoord te gebruik. Dana en Mantey (1965:110, 139–140, 148–150, 168) meen ook dat die afwesigheid van ʼn lidwoord verduidelik kan word aan die hand van die feit dat ʼn voorsetselfrase gewoonlik ʼn idee van ʼn tipe, soort of karaktertrek impliseer. Aangesien hierdie frase Jesus kontekstueel as pre-eksistente karakteriseer en dus sy aard definieer, moet dit eintlik bepaald wees. Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:99) wys ook daarop dat dit uit die konteks duidelik is dat *begin* as beskrywend van voor die skepping verstaan moet word, aangesien die res van die konteks van Johannes 1:1–3 die verhaal van die skepping vertel. Teologies beteken dit dan juis dat ἐν ἀρχῇ nie as ʻʼ*n* beginʼ vertaal moet word nie, maar as ʻ*die* beginʼ.

ʼn Ander benadering lê klem op *intertekstualiteit* as die breër konteks. Volgens hierdie verduideliking is Johannes 1:1a parallel aan Genesis 1:1 (LXX), waar die onbepaalde frase gebruik word om na ʻ*die* beginʼ te verwys en nie ʻʼ*n* beginʼ nie. Met dit gesê, word daar dan geen verdere aandag aan die grammatikale probleem geskenk nie – dit blyk opgelos te wees, maar dit is nie die geval nie. Die probleem word slegs na Genesis 1:1 ʻoorgedraʼ.

Wallace (2000:247) benader die probleem vanuit *grammatikale* oorwegings. Hy wys daarop dat wanneer ʼn naamwoord die voorwerp van ʼn voorsetsel is – soos die geval is in vers 1a – vereis dit nie ʼn lidwoord om bepaald te wees nie. Indien dit ʼn lidwoord het, *moet* dit bepaald wees; indien die lidwoord egter ontbreek, *kan* dit bepaald wees. Hy motiveer hierdie fenomeen verder deur die opmerking dat die naamwoord in vers 1a ʼn enkelvoud[8] is, wat die bepaaldheid van die naamwoord verder motiveer.

Die mees omvangryke hantering van die probleem word by Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:97–100) aangetref. Hy argumenteer vir bepaaldheid vanuit ʼn *statistiese* oogpunt, ten spyte van die feit dat die lidwoord nie aanwesig is nie. ʼn Oorsig van sy uitgebreide analise is insiggewend en volg kortliks.

Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:97–99) benader die kwessie deur na die statistiek van die idiomatiese gebruik[9] van die frase in die Griekse taal te kyk. Op grond van sy navorsing dui hy aan dat die onbepaalde uitdrukking, ἐν ἀρχῇ, vanaf Homeros tot en met die sestiende eeu, 4178 keer in Griekse literatuur gevind word. Dit word basies in twee semantiese velde aangetref, naamlik as ʻbeginʼ in óf temporale, óf lokale sin, en ook as ʻkragʼ.

4. In Thatcher se baanbrekerswerk rondom raaisels in die Johannesevangelie, word Johannes 1:1 nie as ʼn raaisel hanteer nie. Dit is hoofsaaklik as gevolg van sy definisie van raaisel, en sy spesifieke fokus op Jesus (vgl. Thatcher 2000:1, 2001:269; 2006; 2011:29–49).

5. Hierdie artikel gebruik navorsing wat ook die basis vorm van dié van Van der Watt en Caragounis (2008:91–138). Daar mag dus oorvleueling wees.

6. Die gebruik van ἀρχή binne hierdie konteks is opmerklik. Vir die woord se verwysing, sien Bultmann (1978:15) en Schnackenburg (1968:232).

7. Die korrektheid van Porter se lees en die plasing van Johannes 1:1a in die kategorie *individueel* moet bevraagteken word, aangesien dit nie duidelik is waarom dit noodwendig die geval is nie.

8. ʼn Enkelvoudige naamwoord vereis nie die lidwoord om bepaald te wees nie aangesien dit ʼn unieke naamwoord is (vgl. Buth 2005:432). Of dit wel die geval in vers 1a is, moet bevraagteken word.

9. Greenlee (1986:21–24, 39) interpreteer hierdie frase ook as ʼn idioom. Sy argument is dat in die geval van sodanige idioom van tyd en plek, die objek van die voorsetsel nie ʼn lidwoord moet hê om bepaald te wees nie.

In teenstelling hiermee word die bepaalde frase slegs 376 keer in dieselfde skopus van literatuur teruggevind – 320 keer binne die semantiese veld van 'begin', en 56 keer binne die veld van 'krag'. Sy gevolgtrekking is dat die Grieke statisties die gebruik van die onbepaalde frase verkies, wat beteken dat dit beslis as 'n idiomaties funksie van Grieks beskryf kan word.

Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:98) vat sy argument een stap verder. Hy fokus op die vraag of daar wel 'n verskil in betekenis tussen die onbepaalde en die bepaalde frases is. Beginnende by die statistiek, vra hy die vraag of die onbepaalde betekenis wel in elkeen van die 4178 kontekste bedoel is, en of die bepaalde betekenis slegs in 376 kontekste bedoel is. Hy betwyfel dit. Om sy eerste waarneming te staaf, vergelyk hy die gebruike en toon aan dat hierdie frases dikwels as uitruilbaar in Griekse literatuur voorkom. Dieselfde beginsel geld vir die 29 keer wat die frase in die LXX gevind word – in omtrent elkeen van die kontekste waarin die frase voorkom, sou óf die een óf die ander gebruik kon word sonder om 'n verskil aan die betekenis te maak.

Dit wil dus voorkom asof hierdie 'grammatikale probleem' nie werklik 'n probleem is nie – ten minste nie vir die Helleniste nie. Vir hulle sou dit moontlik wees om die bepaalde gebruik van hierdie onbepaalde frase as idiomaties tot Grieks te identifiseer. Die probleem lê eerder by die moderne interpretasies van die antieke Grieks, wat dit in 'n probleem omskep. Dit is hoogs onwaarskynlik dat 'n hellenistiese Griek die frase as 'n raaisel sou beleef of klassifiseer.

## Word die πρὸς in πρὸς τὸν θεόν grammatikaal gebruik om 'n raaisel te suggereer?

Van die drie frases onder bespreking blyk hierdie frase op die oog af die minste van 'n probleem te wees en is daarom ook oënskynlik die minste raaiselagtig. Wanneer die meerderheid Bybelvertalings in ag geneem word, blyk die vertaling van πρὸς τὸν θεόν voor die hand liggend te wees, naamlik '(die Woord) was *by* God'.[10] Ten spyte van die oënskynlike gemak waarmee πρός vertaal word, word die presiese semantiese krag of invloed van πρός dikwels tog bevraagteken. Die woord πρός (+ akkusatief) het 'n wye skopus leksikografiese potensiaal,[11] wat die saak bemoeilik.

Liddell *et al*. (1966:1497) dui aan dat wanneer objekte saam met πρός gebruik word, die woord gewoonlik '*motion or direction towards an object*' uitdruk, met of sonder vyandige bedoelings.[12] In gevalle waar die verhouding tussen twee mense of objekte beskryf word, word die woord gewoonlik met 'by/met' vertaal.[13] In sulke gevalle word die idee van 'beweging na/in die rigting van …' afgespeel. Hoewel Arndt, Danker en Bauer (2000:*ad loc.*) daarop wys dat die gebruik van πρός (+ akkusatief) generies 'n '*marker of movement or orientation toward someone/something*' is, noem hy ook dat, in die geval van Johannes 1:1b, die woord met '*by, at, near* πρὸς τινὰ εἶναι *be (in company) with someone*' vertaal behoort te word. Louw en Nida (1996:791) klassifiseer die gebruik in Johannes 1:1b ook as 'assosiasie' en merk op dat πρός '*a marker of association, often with the implication of interrelationships – "with, before"*' is.

Leksikografies kan πρός dus op *beweging na* dui. Alternatiewelik kan dit bloot op assosiasie, of die wees *by* iemand of iets, dui (laasgenoemde is onder leksikograwe, die verkose gebruik in Joh 1:1b). Aangesien albei opsies egter moontlik is, wyk interpretasies van die semantiese krag of invloed van πρός in Johannes 1:1b op hierdie punt van mekaar af, veral onder teoloë wat die idee van *beweging na* hier verkies (dit dien as verdieping van die verhouding soos hier uitgedruk).

In ooreenstemming met die leksikografiese materiaal, het daar dus twee argumentasielyne ontwikkel.

Een van die interpretasielyne ten opsigte van πρός beklemtoon die idee van *oriëntasie tot*, selfs *beweging na* 'n objek toe. Hierdie interpretasielyn neem verskillende vorms aan. Porter (1999:173) is van mening dat wanneer πρός met *by* vertaal word, dit nie ten volle reg aan die gebruik van die voorsetsel laat geskied nie. Daar moet meer aan die vertaling wees. Die voorsetsel suggereer 'n 'aangesig-tot-aangesig' teenwoordigheid in Johannes 1:1b. De la Potterie (1962:366–387) argumenteer ook ten gunste daarvan dat πρός (+ akkusatief) se sterk dinamiese sin behoue moet bly. Ter ondersteuning van sy argument dui hy daarop dat Johannes 1:1 en 1:18 weens 'n *inclusio* as parallelle geïnterpreteer moet word. Dit impliseer dat πρός (+ akkusatief – v. 1) parallel met εἰς τὸν κόλπον (v. 18) behoort te wees. Tog is dit te betwyfel of 'n mens semantiese identiteit finaal op grond van so 'n aanvaarde strukturele kenmerk kan bewys.

Abbott (1906:133–135, 273–275, 286, 413, 443–444) is oortuig daarvan dat πρός 'n aktiewe sin van '*in familiar intercourse with*', '*close contact with*' dra. Hoewel dit soms in die vyandige sin kan wees, is dit steeds 'n aanduiding van noue kommunikasie. Op grond hiervan verstaan hy dan Johannes 1:1b as '*the word was* ***in converse with*** *God*', wat die weg vir die gedagte van 'n middelaar voorberei. Young (1994:66, 101) verkies ook die idee van aktiewe kommunikasie bo dié van slegs 'wees by', wat 'n meer passiewe assosiasie suggereer. Janse van Rensburg (1993:143) het selfs verder gegaan deur dit semanties as '*a marker of relation involving potential interaction*' te verduidelik (vgl. ook Keener 2003:370).

10.Wanneer verskillende vertalings oorweeg word, is die volgende patroon duidelik waarneembaar: Omtrent alle vertalings vertaal dit as 'die Woord was *by* God', naamlik ESV, 1890 Darby, ASV, CEV, GNT, ISV, KJV, NAB, NASB, NIV, NLV, NCV, KJV, NKJV, RSV, NRSV, NAU, NJB, WEB, DRA, TNT, MNT, Young's, German Einheitsüberstetzung (*bei*), Luther 1984, Elberfelder, Gute Nachricht (*bei*), Bibelen kanoniske Bøger (*hos*), Dutch 1951, Dutch Statenvertaling (*bij*), Dutch GNB, Leidse vertaling (*bij*), Afrikaanse Ou en Nuwe Vertalings, Afrikaanse Lewende Vertaling, Die Boodskap (*by*). Behalwe vir parafrases, is daar weinig uitsonderings. BBE (1949/1964) vertaal byvoorbeeld die frase met '*the Word was in relation with God*'.

11.Volgens Liddell *et al*. (1996:ad loc.) word πρός met die akkusatief in Griekse literatuur op die volgende belangrikste maniere teruggevind: (**a) of Place:** 1. *towards, to*; 2. with verbs of prior motion: *upon, against*; in hostile sense: *against*; of reciprocal actions: *with, towards, for, at the hands of*, of legal actions: *towards, before, with*; (**b) of Time:** 1. *towards, near, at, about*; (**c) of Relation:** 1. *in reference, in respect of, touching, relatively to*; *in consequence of; with a view to*; 4. *in proportion to, in relation to, in comparison with*; 5. *in* or *by reference to, according to, in view of; with the accompaniment of* (mus. instr.); (**d) of Numbers**: *up to, about*.

12.Volgens Porter (1999:172) word πρός aan beweging gekoppel. Sien ook Dana en Mantey (1965:110), Greenlee (1986:21–24; 39), Groetchius (1965:158) en Vine (1965:203).

13.Barrett (1978) wys op die volgende: *πρός with the accusative can hardly mean 'in the presence of' in classical Greek, but this meaning is unquestionable in New Testament Greek, and the Hellenistic usage makes it unnecessary to see the influence of the Aramaic twl in translation here* (p. 155).

Die tweede interpretasielyn wat deur die meeste vertalings ondersteun word, is daarmee tevrede dat die semantiese potensiaal genoegsaam uitgedruk word deur πρός hier bloot met *by* te vertaal en te verstaan. Winer (1860:134, 423) erken dat πρός saam met werkwoorde van beweging of rigting gebruik mag word (met die betekenis van *na, in die rigting van*). Dit wil egter voorkom asof πρός met ʼn naamwoord in die akkusatief die betekenis van die akkusatief verloor om dan bloot op *by* te dui, spesifiek waar dit voor die name van persone voorkom (vgl. ook Brown 1971:4–5). Johannes 1:1b is ʼn geval van laasgenoemde gebruik. Hierdie siening vind ook byval by Moule (1968:53, 76, 115–116), wat van mening is dat die voorsetsel in vers 1c '*punctiliar (a point in space)*' is. Op grond daarvan stel hy voor dat daar nie hier te veel in die gebruik πρός ingelees moet word nie. In dieselfde trant verduidelik Wallace (2000:359) dat ʼn oorganklike voorsetsel saam met ʼn statiese werkwoord gebruik kan word (in die geval waar die voorsetsel en die werkwoord nie ooreenstem nie) soos in Johannes 1:1b. Hier behoort πρός as *by* vertaal te word (vgl. ook Schnackenburg 1968:234; Schnelle 1998:31). Dit beteken in hierdie geval dat die voorsetsel se krag deur die werkwoord geneutraliseer word, wat nie as buitengewoon beskou moet word nie.

ʼn Volgende benadering maak van vergelykende taalkunde gebruik. Gebaseer op die aanname dat Aramees die taal en taalgebruik van Johannes beïnvloed het, argumenteer Barrett (1978:24, 27) en Turner (1976:71) dat die invloed van die Aramese twl bydra tot die feit dat πρός (+ akkusatief) eenvoudig as *by* in vers 1b vertaal moet word. Hulle aanvoeling is dus dat die frase nie veel meer as *by* beteken nie, gemotiveer deur die Aramese invloed.

Sowel Zerwick (1963:33–34; 55–56) as Bultmann (1978:16) bring πρός + akkusatief) en παρά (+ datief) in verband met mekaar, hoewel dan met verskillende bedoelings. Zerwick wil die kontras beklemtoon, terwyl Bultmann die semantiese ooreenkoms wil uitwys. Zerwick argumenteer dat in Johannes se literatuur, πρός gewoonlik (omtrent 100 keer) in ʼn dinamiese sin gebruik word (wat, in die onderhawige geval, as ʼn aktiewe persoonlike verhouding verstaan kan word), terwyl die sin 'by iemand' wees, altyd met die gebruik van παρά (+ datief) of μετά (+ genitief) aangedui word. Bultmann (1978:16) baseer sy argument daarop dat πρός + akkusatief) as ʼn parallel vir παρά (+ datief) beskou moet word, as gevolg van die Semitiese invloed op die Grieks van die teks (sien vorige benadering). Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:105–110) neem hierdie punt verder deur omvattend te argumenteer dat πρός (met die akkusatief) as alternatief vir παρά (met die datief) in hellenistiese Grieks gebruik is. Dit is die moeite werd om Caragounis se argument rakende hierdie saak verder te bestudeer.

Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:105–106) verskaf weereens interessante statistiese materiaal wanneer hy uitwys dat van die begin tot en met die sestiende eeu, die voorsetsel πρός omtrent 400 000 keer gebruik is, waarvan 3851 keer in die LXX, maar dan sonder enige voorbeeld wat soortgelyk aan vers 1b is. Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:105–107) stel nadere ondersoek in na ʼn beduidende hoeveelheid van hierdie relevante voorkomste veral uit die Nuwe Testament. Hy ontdek dat die uitdrukking '*someone* (nom.) *being* πρός *someone* (acc.)' tipies van die Nuwe Testament is, hoewel dit afwesig is in vroeëre literatuur soos die LXX en ander antieke materiaal wat hy bestudeer het. Dit lei Caragounis tot die konklusie dat πρός (+ akkusatief) ʼn latere grammatikale ontwikkeling moet wees, gelyklopend met die Nuwe Testament. Die bewyse dwing Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:110) tot die konklusie dat die betekenis van hierdie uitdrukking ontwikkel het, en dat dit (in die Nuwe-Testamentiese tydperk) saam met ander alternatiewe strukture met dieselfde betekenis gebruik is, veral παρά (+ datief).[14] Dit wil voorkom asof vroeë Griekse Christenouteurs nie hierdie gebruik van πρός as uniek of 'ongrammatikaal' gesien het nie, maar dit bloot as ʼn alternatief vir παρά (+ datief) gebruik het.

Deur tot hierdie konklusie te kom, verwerp Caragounis die interpretasie van πρός in vers 1b as dinamiese, aktiewe kommunikasie – dit is bloot teologiese nuanses wat nie op streng linguistiese oorwegings gebaseer is nie. Dit laat natuurlik die vraag na die invloed van die breër konteks op die betekenis van die woord ontstaan. Wat Caragounis doen, is uitstekende leksikografiese werk wat die potensiaal vir die gebruik van die woord aandui. Dra die assosiatiewe gebruik binne ʼn konteks dan nie tog ook tot die betekenis van ʼn spesifieke woord by nie (soos wat ondersteuners van die eerste argumentasielyn suggereer)? Dit stel dan juis ʼn siening in die interpretasielyn wat deur Caragounis verwerp word, voor. Vir die doel van hierdie artikel is dit egter genoegsaam om te noteer dat hierdie konstruksie grammatikaal geensins uniek is nie en dat dit binne die aanvaarbare Griekse gebruik val. Dit lei weer tot die gevolgtrekking dat vanuit ʼn grammatikale oogpunt, hierdie frase nie raaiselagtig is nie. Tog sê dit nog niks oor hierdie frase se teologiese kwaliteite nie.

## Is die afwesigheid van die voorsetsel in die frase καὶ θεὸς ἦν ὁ λόγος in vers 1c onreëlmatig?

Die gebruik van die onbepaalde preverbale predikaat nominatief in vers 1c is die omstrede kwessie wat hier ondersoek word. Die afwesigheid van die lidwoord in die preverbale predikaat nominatief in vers 1c is die eintlike bron van konflik.[15] Daar is diegene wat θεός as bepaald sien, terwyl ander vertalers argumenteer dat θεός onbepaald is, terwyl nog ander van mening is dat die twee naamwoorde in vers 1c as afwisselbaar beskou moet word. Soos duidelik blyk, is daar diegene wat die kwalitatiewe gebruik van θεός verkies,

14. Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:109) wys daarop dat Jannaris (1897) reeds aangedui het dat πρός ʼn alternatief vir παρά (datief) gebruik kan word. Caragounis se eie navorsing aangaande die gebruik van hierdie frase by die vroeë Christenouteurs het hierdie feit bevestig.

15. Vergelyk Petersen (2008:9–11). ʼn Oorweldigende hoeveelheid vertalings kies om die frase as 'die Woord was God' te vertaal, byvoorbeeld ESV, ASV, GNB, ISV, KJV, NKJV, NIV, NAV, NASV, NCV, RSV, NRSV, NJB, NLV, NAU, MNT, TNT, GNV, DRA, BBE, WEB, Young's, German Einheitsübersetzung, Elberfelder, Bibelen kanoniske Bøger, Dutch Statenvertaling, Dutch 1951, Dutch GNV, Leidse, die Ou Afrikaanse Vertaling, Die Boodskap. Daar is sporadiese uitsonderings soos die Nuwe Afrikaanse Vertaling en die NLB wat 'self' of 'homself' byvoeg. Dit het dan die volgende vertaling tot gevolg: 'die Woord was God homself (self God)'. Die CEV voeg *truly* by, '*The word was truly God*'. Die Gute Nachricht vertaal dit as '*in allem war es Gott gleich*' (in alles was Hy gelyk aan God). Die Vulgaat ('*et Deus erat Verbum*') en die Luther 1984 ('*Und Gott war das Wort*') hou egter by die oorspronklike woordorde.

terwyl ander dit as ’n idioom beskou; nog ander interpreteer dit as ’n teologiese vertrekpunt.[16] Die volgende uiteensetting (in ses punte) dien ter illustrasie vir die raaisel en verwarring wat deur hierdie frase geskep word.

### ’n Bepaalde gebruik

Colwell (1933; vgl. ook Porter 1999:109) formuleer die volgende reël, wat as die ‘Colwell reël’ bekend geword het:

> Definite predicate nouns which precede the verb usually lack the article … a predicate nominative which precedes the verb cannot be translated as an indefinite or a ‘qualitative’ noun solely because of the absence of the article; if the context suggests that the predicate is definite, it should be translated as a definite noun. (pp. 12–21)

Dit beklemtoon die sterk skakel tussen formele grammatika en konteks. Wallace (2000:257) merk op dat baie akademici hierdie reël interpreteer as bedoelende dat ’n onbepaalde predikaat nominatief wat ’n werkwoord voorafgaan altyd bepaald is. Dit is egter nie wat Colwell se bedoeling was nie. Hierdie misverstand word telkens in die interpretasie van Johannes 1:1c (Wallace 2000:257–258) teruggevind. Dennison (2003:29–30, 36) wys uit dat Colwell wel gesê het dat ’n bepaalde predikaat nominatief wat ’n werkwoord voorafgaan gewoonlik onbepaald is, maar dat dit nie verstaan moet dat die teenoorgestelde altyd waar is nie, naamlik dat ’n onbepaalde predikaat nominatief wat die werkwoord voorafgaan gewoonlik bepaald is.

Wallace (2000) verduidelik dat die gebruik van ’n predikaat nominatief baie algemeen in Grieks is. Hoewel daar uitsonderings is (wat dus ’n tweede tipe konstruksie teweeg bring), merk Wallace op dat die:

> equation of subject and predicative nominative does not necessarily or even normally imply complete correspondence (e.g., as in the interchangeability of A=B, B=A in a mathematical formula). Rather, the predicative nominative normally describes a larger category (or *state*) to which the subject belongs. (p. 40)

In Engels moet die subjek eerste vertaal word, maar in Grieks is die woordorde meer buigsaam, wat dus vir verskillende moontlikhede voorsiening maak. Dienooreenkomstig moet vers 1c dus vertaal word as ‘die Woord was God’ en nie as ‘God was die Woord’ nie (Wallace 2000:41), aangesien die ‘*subject will be distinguished from the predicate nominative by having the article*’ (Wallace 2000:242–243). Die vraag is dus nou hoe ’n mens tussen die subjek en die predikaat nominatief onderskei, indien die woordorde nie soos in Engels as riglyn dien nie?

Wallace (2000:41–43) verskaf ’n breedvoerige verduideliking, waarin hy twee tipes semantiese verhoudings aandui. Eerstens mag die predikaat nominatief ’n beskrywing van die *klas* wees waarin die subjek val, ’n *sub-stel stelling*. Die subjek en predikaat nominatief is daarom nie uitruilbaar nie, aangesien ‘is’ (ἦν) nie noodwendig ‘gelyk aan’ beteken nie. God is nie ten volle vervat in die Woord nie, maar die Woord behoort ten volle in die klas van God. Tweedens dui die *omskepbare voorsetsel* op ‘*an identical exchange*’. Dus is volledige uitwisselbaarheid in die vertaling moontlik.

Bogenoemde lei die interpreteerder om die volgende twee vrae te beantwoord:, Hoe kan die subjek van die predikaat nominatief onderskei word, aangesien woordorde nie ’n maatstaf is nie? en Wat is die semantiese verhouding tussen die twee? Die antwoorde op hierdie twee vrae help om te bepaal of ’n mens in hierdie geval met ’n vergelyking of ’n sub-stel te make het (cf. Petersen 2008:9–11). Wallace (2000) formuleer ’n algemene ‘reël’ dat:

> when only **one** nominative substantive has such a grammatical ‘tag’ (i.e. article, pronoun, proper name), the semantic relationship will be that of particular (subject) to class (predicate nominative). That is, the construction will be a subset proposition. (p. 43)

Let egter op dat ‘*when both substantives meet one of the three qualifications (tags) for the subject, then they become interchangeable*’ (Wallace 2000:42–44).

Met versigtigheid merk Wallace (2000:267–268, 290) die volgende aangaande die voorstanders van sulke definitiewe vertalings op: ‘*their basis has usually been a misunderstanding of Colwell’s rule. They have understood the rule to say that an anarthrous pre-verbal predicative noun will usually be definite*’ (Wallace 2000:267); dit wil sê dat hulle Colwell se beklemtoning van die invloed van die konteks op die besluit aangaande interpretasie mis. Wallace (2000:268) wys verder daarop dat die gebruik van θεός in vers 1b kontekstueel artikulêr is; en aangesien dieselfde persoon hier geïmpliseer word, dit bepaald kan wees. Tog maak hy (Wallace 2000) ook van die volgende argument melding:

> The vast majority of *definite* anarthrous pre-verbal predicate nominatives are monadic, in genitive constructions, or are proper names, none of which is true here, diminishing the likelihood of a definite θεός in Jn 1:1c. (p. 268)

### ’n Onbepaalde gebruik (die Woord was ’n god)

Dit word inter alia by die Jehova Getuies aangevoer dat, aangesien die voorafgaande frase die Woord beskryf as *by* God, hierdie frase geensins as ‘die Woord is God’ vertaal kan word nie. Die afwesigheid van die bepaalde lidwoord by θεός is juis ’n aanduiding dat die frase as ‘die Woord was ’n god’ vertaal behoort te word.[17] Ten spyte van die moontlikheid van so ’n vertaling, is die argumente ten gunste daarvan nie baie sterk nie. Hierdie argumente blyk ook op die enkele en oorvereenvoudigde argument rondom die afwesigheid van

16. Dit is belangrik om aan te dui dat dit algemeen aanvaar word dat ὁ λόγος ’n personifikasie van Jesus, die Seun, is. Van der Watt (2000:102) beskou dit as ’n metafoor, terwyl Petersen (2008:9–11) teen metaforiese gebruik argumenteer, ten gunste van die beskouing daarvan as ’n unieke taalvorm.

17. Wallace (2000:243) dui aan dat dit nie noodsaaklik is dat ’n naamwoord ’n lidwoord moet hê om dit bepaald te maak nie. In sy bespreking van die *New World Translation*, argumenteer Young (1994:66, 101), dat die rede vir die afwesigheid van die artikel nie is omdat die naamwoord onbepaald is nie (betekenend een van verskeie goddelike wesens in Arianisme), maar eerder omdat die naamwoord uit eie reg bepaald is – ’n bepaalde predikaat nominatief het nie die lidwoord by wanneer dit voor die werkwoord geplaas word nie. Met inagneming van die Joodse kulturele omgewing, sou ’n mens maklik ’n saak kon uitmaak dat θεός as enkelvoud beskou is en daarom nie die bepaalde lidwoord benodig nie. Die NWT se weergawe, ‘’n god’, is dus verkeerd. Die stelling kan daarom gemaak word dat die afwesigheid van die lidwoord slegs betrekking het op die woordorde, deur Johannes so gekies, om Christus se goddelikheid te beklemtoon.

die lidwoord gebaseer te wees. Die teenstrydige wyse waarop die *New World Translation* hierdie tipe konstruksies hanteer,[18] dui daarop dat ander motiverings (moontlik teologies of kontekstueel) hierdie spesifieke vertaling beïnvloed het.[19] Dit is te verstane dat hierdie siening grootliks deur die meeste akademici bevraagteken en verwerp word.

### Uitwisselbaar (die Woord is God of God is die Woord)

Hoewel predikaat naamwoorde gewoonlik onbepaald is, is dit moontlik om die lidwoord wat tussen die subjek en die aanvulling onderskei, in te voeg indien die predikaat naamwoord veronderstel is om uniek of ’n noemenswaardige voorbeeld te wees. Dit beteken dat vers 1c net sowel as ὁ λόγος ἦν ὁ θεὸς gelees kan word,[20] aangesien daar nie leerstellige betekenis in die weglating van die lidwoord is nie – dit is slegs ’n kwessie van woordorde.

Hierdie tipe vertaling is op ’n verkeerde aanname gebaseer, naamlik dat met werkwoorde van vergelyking voorsetsels uitruilbaar vertaal moet word. Die verduideliking van die algemene reël soos hierbo uiteengesit, maak hierdie vertaling hoogs onwaarskynlik.[21] Op sowel kontekstuele as teologiese vlakke hou dit probleme in. Aangesien θεός in vers 1b na die Vader verwys, dra dit die implikasie dat, indien die Woord God is, hy ook die Vader moet wees.[22]

### Kwalitatiewe gebruik[23]

Volgens Wallace (2000:45–46) is die implikasies van Colwell se reël vir vers 1c die volgende: aangesien slegs een nominatiewe substantief in Johannes 1:1 ’n lidwoord (grammatikale ‘*tag*’) het, word ’n sub-stel duidelik hier in die vooruitsig gestel. Dit beteken dat die ‘λόγος’ aan ’n groter kategorie behoort, bekend as die ‘θεός’. Hy (Wallace 2000:46) gaan verder en verduidelik dat die krag van die konstruksie waarskynlik die *aard* – nie die identiteit van die Woord nie – beklemtoon.[24] Dit beteken dat ‘*the most likely candidate for* θεός *is qualitative*’ (Wallace 2000:269).[25] Dit wil dus voorkom of die woord θεός in ’n byvoeglike sin gebruik is. Wallace (2000:268) wys verder daarop dat voor die publikasie van Colwell se artikel, die meeste kommentators θεός as kwalitatief beskou het. ‘*That is to say, the Word is true deity but he is not the same **person** as the* θεός *mentioned earlier in the verse*’. Die Woord is dus God, maar is ook te onderskei van die Vader. Dat die Woord vlees geword het (Joh 1:14) weerspieël die uitdrukking in Johannes 1:1c en benadruk dus sy natuur en aard eerder as sy identiteit. Wallace (2000:269) meen dat hierdie keuse op grammatikale sowel as teologiese vlakke die beter keuse is, hoewel dit duidelik is dat dit nie grammatikale nie, maar teologiese oorwegings is wat die argument en die uitkoms daarvan bepaal (sien die volgende kolparagraaf). Die feit dat die Woord nie die Vader is nie kom baie duidelik na vore, hoewel hulle in dieselfde Wese deel. Kwalitatief besit die *Woord* al die ‘*attributes and qualities that “the God” (of 1:1b) had*’ (Wallace 2000:269). Moontlike vertalings sou dan wees: ‘Wat God was, was die Woord’, of ‘die Woord was goddelik’[26] (in so ’n geval sal ’n kwalifikasie benodig word, naamlik dat *goddelik* slegs op die ware God toegepas kan word). Ten spyte van die feit dat Wallace daarvan oortuig is dat God in vers 1c kwalitatief is, verkies hy steeds die vertaling: ‘die Woord was God’, aangesien dit die minste moontlikhede vir misverstand skep. Die argumente hierbo dien as ’n aanduiding van die probleme wat met die vertaling van hierdie frase saamloop.

Greenlee (1986:21–24, 39; sien voetnoot 15) brei die argument uit deur aan te dui dat eiename van persone en plekke, asook goddelike name en titels (bv. θεός, τὸ ἅγιον πνεῦμα) op sigself bepaald is, met of sonder die lidwoord. Wanneer θεός of ἅγιον πνεῦμα egter wel die lidwoord by het, is dit die *persoon* (*wie* hy is) aan wie gedink word; en as daar geen lidwoord is nie, is dit sy *natuur* (*wat* hy is) of sy aktiwiteit waaraan gedink word. Daarom kan Johannes 1:1 vertaal word as ‘*the Word was with God (the Father), and the Word was deity (i.e. of the nature of God)*’. Moule (1968:53, 76, 115–116; sien voetnoot 50) bepleit ook hierdie siening:

> It is necessarily without the article inasmuch as it describes the nature of the Word and does not identify His Person. It would be pure Sabellianism to say ‘the Word was ὁ θεός’. No idea of

18.Croft (1988:ad loc.) kritiseer die strydige vertaling van die Grieks in die *New World Translation*: ‘*In John 1:1, because of the lack of an article (“the”), the Word is called “a god”. However, in Verse 18, which also has no article, the word “God” is capitalized. There are many examples of similar character.*’ Sien ook Wallace (2000:267).

19.Windham (1991:180–181) wys daarop dat ὁ λόγος ἦν θεὸς waarskynlik sou beteken dat die logos ‘*a god*’ of een of ander soortgelyke goddelike wese is, wat deel van die algemene kategorie van θεός uitmaak, maar dan onderskeie van ὁ θεός.

20.Zerwick (1963:56) en Wallace (2000:257) se argument is dat die interpretasie op ’n misverstaan van Colwell se reël gebaseer is. Robertson (1908:75), wat voor Colwell geskryf het, het ook hierdie manier om Johannes 1:1c te verstaan, verwerp aangesien die subjek en die predikaat nie mede-uitbreiders is nie. Indien hulle was, moes daar nog ’n lidwoord bygevoeg gewees het. Barrett (1978:156), Schnackenburg (1968:234–235) en Schnelle (1998:31) verwerp hierdie idee en beklemtoon dat θεός die predikaat is. Indien ’n lidwoord by θεός gevoeg sou word, sou dit die *Woord* eksklusief aan God bind, wat dan impliseer dat God nie buite die Woord kan bestaan nie. Dit wys Carson (1991:117) ook uit – wat aan die res van die Godheid behoort, behoort ook aan die Woord; maar die Woord maak nie die hele Godheid nie.

21 Windham (1991:180–181) is van mening dat sodanige siening kontekstueel strydig met Johannes 1:1b sou wees, aangesien ’n mens daar ’n ‘*personal*’ onderskeid tussen die Woord en God bespeur.

22.Sien Köstenberger (2004:28) wat van mening is dat indien die lidwoord wel bygevoeg sou wees, dit die Woord aan die Vader gelyk sou stel – ’n verskynsel wat Johannes duidelik nie as deel van sy teologie wou hanteer nie.

23.Harner (1973:75–87) het die aandag op die feit gevestig dat 80% van Colwell se konstruksies kwalitatiewe naamwoorde was, met slegs 20% waarby bepaalde naamwoorde betrokke was. Dit bring die volgende vraag na vore: Maak die afwesigheid van ’n lidwoord in die konstruksie onder oorweging dit kwalitatief al dan nie (eerder as bepaald al dan nie)? Hy wys daarop dat in die 53 voorbeelde van onbepaalde predikate wat die werkwoord voorafgaan in die Johannesevangelie, die kwalitatiewe mag van die predikaat, eerder as die predikaat se bepaaldheid of onbepaaldheid, in 40 van hierdie voorbeelde meer prominent is. Hy ondersteun ook die idee dat Johannes 1:1c op kwaliteit eerder as bepaaldheid fokus. Coloe (2001:26) ondersteun hierdie siening van Harner.

24.Metzger (1951–1952:125–126) argumenteer op grond van Colwell se reël, dat daar ernstige twyfel is aangaande ’n vertaling van Johannes 1:1 as ‘*the logos was divine*’. Wallace (2000:258) wys egter daarop dat Metzger Colwell se reël misverstaan. Tog is daar steeds kommentatore soos Carson (1991:117), wat skepties is oor die idee dat θεός na ‘*mere qualities of “God-ness”*’ verwys, aangesien θεῖος dan gebruik moes word. Haenchen (1980:118) noem dat Bultmann dit alreeds gesuggereer het, maar dat hy nie besef het dat θεῖος nie werklik die volle betekenis van wat die outeur van Johannes wou sê tot uitdrukking kon bring nie. Schnackenburg (1968:234) merk ook op: ‘*Hence* θεός *is not a genus, but signifies the nature proper to God and the Logos in common*’.

25.Volgens Moulton (1914:161) dui die weglating van die lidwoord daarop dat die spreker die persoon of item nie so seer as *daardie* persoon of item nie, maar eerder as *so ’n* persoon of item beskou – dus nie die individu nie, maar eerder die aard, wese of kwaliteit van die individu. Sien ook Westcott (1958:ad loc.) en Zerwick (1963:33–34, 55–56) in hierdie verband.

26.Brown (1971:5) verwerp hierdie moontlikheid as te swak, aangesien die Grieks wel ’n adjektief vir goddelik het – θεῖος – maar dit nie hier gebruik word nie. Indien daar wel ’n woord (byvoeglik van gehalte) is, maar dit word nie gebruik nie, waarom moet die frase dan op daardie manier geïnterpreteer word sodat dit lynreg teen die duidelike betekenis van die naamwoord ingaan? Die naamwoord wil God juis van dit wat menslik en geskape is, onderskei.

> inferiority of nature is suggested by the form of expression, which simply affirms the true deity of the Word.

Noemenswaardig is dat hoewel die grammatici grootliks die interpretasie van θεός as *goddelik* kies, hierdie interpretasie nie deur teoloë en kommentatore verkies word nie.

In hierdie verband is dit interessant om op Filo se opmerkings in *Somn*. I 229–230 (transl. Yonge) te let:

> (1.229) What then ought we to say? There is one true God only: but they who are called Gods, by an abuse of language, are numerous; on which account the holy scripture on the present occasion indicates that it is the *true God that is meant by the use of the article*, the expression being, 'I am the God (ὁ θεός)'; but when the word is used incorrectly, it is put without the article, the expression being, 'He who was seen by thee in the place,' not of the God (τοῦ θεοῦ), but simply 'of God' (θεοῦ); (1.230) and what he here calls God is his most ancient word, not having any superstitious regard to the position of the names, but only proposing one end to himself, namely, to give a true account of the matter; for in other passages the sacred historian, when he considered whether there really was any name belonging to the living God, showed that he knew that there was none properly belonging to him; but that whatever appellation any one may give him, will be an abuse of terms; for the living God is not of a nature to be described, but only to be. (p. 38, [*authors own italics*])

Gebaseer op die opmerkings van Filo,[27] argumenteer Dunn (1980:241) en Haenchen (1980:116, voetnoot 114) dat die gebruik of afwesigheid van die lidwoord doelbewus is en vir enige Griekse leser beduidend sou wees.[28] Gevolglik dui Schnelle (1998:31, voetnoot 41) aan dat θεός met die lidwoord na die een ware God verwys: '*Bewußt steht in V. 1v das Prädikatsnomen* θεός*, um so gleichermaßen das göttliche Wesen des Logos und seine Untershiedenheit vom höchsten Gott auszudrücken*'. Die woord is nie identies aan God nie, maar is ook nie sekondêr God nie, '*sondern der Logos is vom Wesen Gottes*'. Op hierdie manier word die balans tussen monoteïsme en '*bitrinitarischer Gestalt*' gehandhaaf.

## Teologiese oorwegings

Daar is reeds na hierdie standpunt verwys wat inter alia deur die Jehova Getuies ingeneem word, naamlik dat die afwesigheid van die lidwoord aandui dat die frase as ''n god' gelees behoort te word. Aan die ander kant is Brown (1971:24) van mening dat daar as gevolg van Johannes se Joodse agtergrond, 'n huiwering is om Jesus *God* te noem, aangesien hierdie term volgens tradisie uitsluitlik vir God die Vader gebruik is. Dit het beteken dat Jesus se goddelikheid gewoonlik op 'n funksionele manier uitgedruk is. Brown (1971) se gevolgtrekking is dat:

> In vs. 1c the Johannine hymn is bordering on the usage of 'God' for the Son, but by omitting the article it avoids any suggestion of personal identification of the Word with the Father. And for Gentile readers the line also avoids any suggestion that the Word was a second God in any Hellenistic sense. (p. 24)

Wallace (2000:267) maak ook die stelling dat die vertaling van die onbepaalde θεός in Johannes 1:1c as ''n god' kontekstueel en grammatikaal hoogs onwaarskynlik is, en dat dit in stryd met die teologie van die vierde Evangelie is. Die Evangelie van Johannes verkondig nie politeïsme nie, dit is eerder 'n geval dat die argument stewig binne 'n Joodse monoteïstiese raamwerk ontwikkel is. Jesus word nie as 'n tweede God beskryf nie, hoewel sy goddelikheid bo enige twyfel in hierdie Evangelie staan. 'n Vertaling van die frase na 'en die Woord was 'n god' weerspieël nie die teologie van Johannes nie.

## Idiomatiese gebruik?

Moule (1968:53, 76, 115–116) oorweeg die moontlikheid dat die afwesigheid van die lidwoord in Johannes 1:1c niks meer as 'n saak van Griekse idiomatiese gebruik is nie. Dit is ook die argumentasielyn wat deur Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:119–123) gevolg word, naamlik dat die hele kwessie onnodig geproblematiseer word, aangesien καὶ θεὸς ἦν ὁ λόγος vir Helleniste idiomaties heeltemal normaal sou geklink het. Die primêre posisie van θεός in hierdie frase kom op 'n retoriese beklemtoning van die woord neer. Ander kon dit net sowel as καὶ ὁ λόγος ἦν θεὸς gelees het.

Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:120–121) staaf sy posisie deur die Griekse met die Engelse (of ook Duitse, Afrikaanse, of Nederlandse) gebruik van die lidwoord te vergelyk, wat nie onderling verwar moet word nie. Hoewel daar sommige parallelle in die Griekse en Engelse gebruik van die lidwoord te vinde is, is daar ook sommige verskille waarvan kennis geneem moet word, omdat dit vir die interpretasie van vers 1c van belang is.

Die lidwoord het die klassifisering en individualisering van substantiewe as 'n funksie, wat dus substantiewe as definitief en bepaald merk. Daar is egter ook verskille tussen Grieks en Engels soos Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:120–121) ook aandui. *Mens* of *mensdom* (sonder die lidwoord) word in Engels gebruik om na mens of mensdom in die algemeen te verwys, terwyl die Griekse ekwivalent die lidwoord benodig om dieselfde betekenis te kan kommunikeer. Wanneer 'n Hellenis ὁ ἄνθρωπος sê, is dit nie per se 'n verwysing na 'n spesifieke man nie, maar is dit generies. Die lidwoord konkretiseer mense as 'n geheel (dus mensdom). Hierdie punt moet duidelik verstaan en verreken word.

'n Tweede belangrike punt wat Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:121–122) maak, is dat die lidwoord gebruik kan word om na 'n persoon te verwys wat reeds vroeër in die konteks genoem is. Dit gee daaraan 'n demonstratiewe eerder as 'n suiwer artikulêre krag (nie *die* nie, maar *daardie*). In so 'n geval is die subjek 'n algemene konsep sonder spesifikasie en daarom onbepaald. Die predikaat is gewoonlik onbepaald, aangesien 'n definitiewe persoon of klas nie aangedui word nie, maar eerder die eienskap, aard of wese wat van die subjek beskrywend is. Wanneer die predikaat egter bepaald of kontekstueel bekend is, word die lidwoord wel gebruik.

27. Carson (1991:137) word nie deur hierdie argumentasielyn oortuig nie.

28. Haenchen (1980:116, voetnoot 114) verwys ook na Origenes *(Commentary on John* II 2, 13–15), wat van dieselfde argument gebruik maak.

Dit bring Caragounis (Van der Watt & Caragounis 2008:123) tot die gevolgtrekking dat vers 1c nie 'n ekwivalent van die Engelse '*the Word was **a** God*' is nie. 'n Hellenis sou nie die uitdrukking in vers 1c as verwysende na '***a** God*' verstaan het nie. In die lig van bogenoemde sou die predikaat as aanduidend vir die eienskappe en aard van die Woord verstaan word. Of die Woord uniek God of een onder baie ander gode is, is nie die kwessie wat hier ter sprake nie. Die kwessie hier is eenvoudig dat 'die Woord God was'. Die predikaat is inderdaad onbepaald in die Grieks, maar nie in die Engelse sin nie, aangesien die gebruik van die lidwoord in Grieks en Engels onderskeidelik nie hier met mekaar oorvleuel nie.

Indien die grammatikale gebruik van hierdie frases in ag geneem word, is daar – ten spyte van die diskussies – min ondersteuning vir die siening dat die Grieks hier raaiselagtig is.

## Enkele afsluitende en samevattende opmerkings

Die spesifieke vraag wat in hierdie artikel ter sprake is, is of daar spesifiek grammatikale aanduidings is dat Johannes 1:1 die karaktertrekke van 'n raaisel vertoon. Daar kan tot die onderstaande gevolgtrekking gekom word.

Alhoewel daar (soos hierbo aangedui) 'n voortgesette debat rondom die grammatikale eienaardighede van Johannes 1:1 is wat op 'n verskeidenheid maniere dui hoe om die grammatikale probleme te hanteer, is tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie besprekings en debatte 'n berg van 'n molshoop maak. In al die gevalle wat ondersoek is, blyk dit dat 'n geloofwaardige *gewone* verklaring vir die grammatikale probleem sigself aanbied, wat nie vir die Helleniste verrassend of verbasend sou gewees het nie. Die konklusie waartoe vanuit 'n grammatikale oogpunt gekom is, is dat die siening van die grammatikale konstruksies in Johannes 1:1 as geheimsinnig of moeilik nie geregverdig blyk te wees nie. Dit beteken nie dat hierdie teks geensins die karaktertrekke van 'n raaisel besit nie, maar wel dat die grammatika van Johannes 1:1 dit nie veronderstel nie.

Dit moet ook hier in ag geneem word dat die spanning tussen verse 1b en 1c, tussen *by* God te *wees* maar ook God te *wees* – wat gedeeltelik deur die grammatikale funksie van πρός geskep word – sekerlik die karaktertrekke van 'n raaisel suggereer, aangesien dit op die oppervlak semantiese spanning veroorsaak. Die vraag is egter of die woord *God* dieselfde beteken, aangesien *by* God *wees* en terselfdertyd ook God *wees* nie logies moontlik is nie. Die oplossing is nie in die sin self te vind nie, maar moet gesoek word in dit wat in die res van die Evangelie volg. Dit impliseer oorweging en 'n aanvaarding van wat verder in die Evangelie gesê word. Natuurlik impliseer dit ook 'n beduidende mate van interpretasie, wat weer tot 'n verskeidenheid van opinies kan lei. In die Evangelie self word Jesus *God* genoem (Joh 1:18; 20:28), maar Hy word ook as *minder* as die Vader beskryf – Hy is die Vader se Seun en doen niks uit sy eie nie, maar slegs dit wat die Vader vir Hom wys en sê om te doen (Joh 8:28). In die narratief van die Evangelie word hierdie spanning dus duidelik, en ook selfs verduidelik. Om die inligting in Johannes 1:1 te kan verstaan en ook te aanvaar soos Tomas gedoen het (Joh 20:28), is dit noodsaaklik om die spanningsvolle relasies wat in hierdie vers na vore tree, in die lig van die res van die Evangelie te verklaar.

Bogenoemde verduideliking suggereer dat in die besluit of Johannes 1:1 wel die karaktertrekke van 'n raaisel besit, baie meer aspekte as bloot die grammatika in ag geneem moet word. Dit is nie dieselfde as om te sê dat grammatikale oorwegings heeltemal weggelaat moet word nie. Wat wel waar blyk te wees, is dat die grammatika alleen nie sterk ondersteuning bied vir die tipering van hierdie teks as 'n *raaisel* nie.

## Erkenning

### Mededingende belange

Die outeur verklaar dat hy geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat hom nadelig kon beïnvloed het in die skryf van hierdie artikel nie.

## Literatuurverwysings

Abbott, E.A., 1906, *Johannine grammar*, Black, Londen.

Anderson, P.N., 2011, *The riddles of the fourth Gospel,* Fortress, MN.

Arndt, W., Danker, F.W. & Bauer, W., 2000, *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature*, University of Chicago Press, Chicago, IL.

Barrett, C.K., 1978, *The Gospel according to St John,* SPCK, London.

Bratcher, D.R., 1985, 'Riddle', in P.J. Achtemeier (ed.), *Harper's bible dictionary,* ad loc., Harper & Row, San Francisco, CA.

Brown, R.E., 1971, *The Gospel according to John*, Vol. 1, 2nd edn., Chapman, London.

Bultmann, R., 1978, *Das Evangelium des Johannes*, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen.

Buth, R., 2005, 'Language and Linguistics', in K.J. Vanhoozer (ed.), *Dictionary for theological interpretation of the bible*, pp. 431–435, SPCK, London.

Carson, D.A., 1991, *The gospel according to John*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Coloe, M.L., 2001, *God dwells with us: Temple symbolism in the fourth Gospel*, Liturgical Press, Collegeville, PA.

Colwell, E.C., 1933, 'A definite rule for the use of the article in the Greek New Testament', *Journal of Biblical Literature* 52(1), 12–21.

Crenshaw, J.L., 1992, 'Riddles,' in D.N. Freedman (ed.), *The Anchor Yale bible dictionary*, pp. 721–723, Doubleday, New York.

Croft, I., 1988, *The new world translation and its critics*, viewed 2 April 2006, from http://www.freeminds.org/doctrine/nwt.htm

Dana, H.E. & Mantey, S.R., 1965, *A manual grammar of the New Testament*, Macmillan, New York.

De la Potterie, I., 1962, 'L'Emploi dynamique de εἰς dans Saint Jean et seş incidences théologiques', *Biblica* 43(3), 366–387.

Dennison, J.T., 2003, 'Symmetries of equivalence: Logos and Theos in John 1:1–2', *Kerux* 18(1), 29–36.

Dunn, J.G.D., 1980, *Christology in the making: A New Testament inquiry into the origins of the doctrine of the incarnation*, SCM, London.

Elwell, W.A. & Beitzel, B.J., 1988, *Baker encyclopedia of the bible,* Baker Book House, Grand Rapids, MI.

Goodman, W.R., 2000, 'Riddle', in D.N. Freedman, A.C. Myers & A.B. Beck (eds.), *Eerdmans dictionary of the bible,* p. 1128, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Greenlee, J.H., 1986, *A concise exegetical grammar of New Testament Greek*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Groetchius, E. v. N., 1965, *The language of the New Testament*, Schribner, New York.

Haenchen, E., 1980, *Das Johannesevangelium: Ein Kommentar*, Mohr Siebeck, Tübingen.

Harner, P.B., 1973, 'Qualitative anarthrous predicate nouns: Mark 15:39 and John 1:1', *Journal of Biblical Literature* 92(1), 75–87.

Jannaris, A.N., 1897, *An historical Greek grammar*, Macmillan, London.

Janse van Rensburg, J., 1993, 'A new reference grammar for the Greek New Testament: Exploratory remarks on a methodology', *Neotestamentica* 27(1), 133–152.

Keener, C.S., 2003, *The Gospel of John*, Vol. 1, Hendrickson, Peabody, MA.

Köstenberger, A.J., 2004, *John*, Baker, Grand Rapids, MI.

Leroy, I.C.H., 1968, *Rätsel und Misverständnis,* Peter Hanstein, Bonn.

Liddell, H.G., Scott, R., Jones, H.S. & McKenzie, R., 1966, *A Greek-English Lexicon, with a revised supplement*, Oxford University Press, Oxford.

Louw, J.P. & Nida, E.A., 1996, *Greek-English lexicon of the New Testament: Based on semantic domains,* United Bible Societies, New York.

Manser, M.H., 2009, 'Riddles', in M. Manser (ed.), *Dictionary of bible themes: The accessible and comprehensive tool for topical studies*, Logos electronic version.

Metzger, B.M., 1951–1952, 'On the translation of John i.1', *Expository Times* 62(1), 125–126.

Miller, E.L., 1989, *Salvation history in the prologue of John*, Brill, Leiden.

Moule, C.F.D., 1968, *An idiom book of New Testament Greek*, Cambridge University Press, Cambridge.

Moulton, J.H., 1914, *An introduction to the study of the New Testament Greek*, 4th rev. edn., Epworth Press, Londen.

Petersen, N.R., 2008, *The Gospel and the theology of light,* Wipf & Stock, Eugene.

Porter, S.E., 1999, *Idioms of the Greek New Testament*, Sheffield Academic Press, Sheffield.

Robertson, A.T., 1908, *A short grammar of the Greek New Testament*, Hodder & Stoughton, New York.

Schnackenburg, R., 1968, *The Gospel according to St John,* Vol. 1, Herder & Herder, New York.

Schnelle, U., 1998, *Das Evangelium nach Johannes*, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Thatcher, T., 2000, *The riddles of Jesus in John: A story in tradition and folklore,* Society of Biblical Literature *(*SBL), Atlanta, GA.

Thatcher, T., 2001, 'The riddles of Jesus in the Johannine dialogues', in R.T. Fortna & T. Thatcher (eds.), *Jesus in Johannine tradition,* pp. 263–280, Westminster John Knox, Louisville, KY.

Thatcher, T., 2006, *Jesus the riddler: The power of ambiguity in the Gospels,* Westminster John Knox, Louisville, KY.

Thatcher, T., 2011*,* 'The riddle of the Baptist and the genesis of the Prologue: John 1:1–18 in oral/aural media culture', in A. le Donne & T. Thatcher (eds.), *The fourth Gospel in first-century media culture,* pp. 29–49, Clark, London.

Turner, N., 1976, *A grammar of New Testament*: *Style*, vol. 3 and 4, Clark, Edinburgh.

Van der Watt, J.G., 2000, *Family of the king: Dynamics of metaphor in the Gospel according to John*, Brill, Leiden.

Van der Watt, J.G & Caragounis, C., 2008, 'The grammar of John 1:1', *Filologia Neotestamentaria* 21(1), 1–52, 91–138.

Vine, W.E., 1965, *New Testament Greek grammar: A course of self-help for the layman*, Oliphants, London.

Wallace, D.B., 2000, *The basics of New Testament syntax: An intermediate Greek grammar*: *The abridgement of Greek grammar beyond the basics*, Zondervan, Grand Rapids, MI.

Westcott, B.F., 1958, *The Gospel according to St John*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Windham, N., 1991, *New Testament Greek for preachers and teachers: Five areas of application*, University Press of America, Lanham, MD.

Winer, G.B., 1860, *A grammar of the New Testament diction: Intended as an introduction to the critical study of the Greek New Testament*, 2nd edn., Clark, Edinburgh.

Yonge, C.D., 1996, *The works of Philo: Complete and unabridged,* 2nd edn., Hendrickson, Peabody, MA.

Young, R.A., 1994, *Intermediate New Testament Greek: A linguistic and exegetical approach*, Broadman & Holman, Nashville, KY.

Zerwick, M., 1963, *Biblical Greek illustrated by examples*, English edn. adapted from the fourth Latin edition, Scripta Pontificii Institui Biblici, Rome.